## 4 Julie Sagaria 5:5-11

### *Die vrou in die mandjie*

Sagaria, net soos Haggai, moes die volk wat teruggekom het uit die Babiloniese ballingskap aanspoor om die tempel te herbou. Dit beteken ook herstel van die volk se verhouding tot God. Daarom die oproep tot bekering in die inleiding van Sagaria se prediking.

In die mandjie wat die profeet sien is die sonde van almal in die land, dus die sonde van Juda. As die deksel opgelig word, sien hy daar sit 'n vrou, die goddeloosheid. Sy word teruggestamp, die deksel toegeklap en op vlerke weggevoer na Sinar, dus Babel.

So word Juda se sonde van hulle weggeneem en teruggestuur na Babel, die setel van die bose. Daar word vir die vrou 'n huis gebou en ons ontmoet haar weer in Openbaring 17 as die slegte vrou van Babilon.

Maar haar huis en haar stad sal verwoes word, want vir die volk van die Here word nie net 'n tempel herbou in die aardse Jerusalem nie maar 'n nuwe, hemelse, Jerusalem. Daar sal die ander vrou, die bruid van Jesus Christus, vir ewig woon. Ook ons sonde word bedek deur die bloed van Jesus Christus, maar ons moet nie die looddeksel oplig en heul met die sonde nie, want dan word ons besmet deur die doodsdampe van Babilon.

Sing: Psalm 103:6 Ds. P.J.W.S. van der Westhuizen (Windhoek)